

## **JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees**

---

Maandag 10 Junie

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 16:14-23 (AFR83/2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Samuel 16:14**

**Geen leë huis**

Die hart van 'n mens is nie 'n leë huis nie. Dit word óf deur die Gees van God bewoon, óf deur 'n gees wat uit die verderf kom.

Saul het die Gees van God bedroef deur telkens ongehoorsaam te wees aan dit wat God hom beveel. Na die veldslag teen die Amalekiete het hy die direkte opdrag van God geïgnoreer en die beste van die buit vir homself geneem (1 Sam. 15:9). Later probeer hy hierdie daad met 'n leuen verdoesel (1 Sam. 15:15). Dit was toenemend duidelik dat God en wat God sê nie vir Saul prioriteit was nie. God was onwelkom in Saul se lewe.

Dan verlaat die Gees vir Saul en 'n bose gees betrek sy leë hart. Dat hierdie gees deur die Here gestuur is, bewys die almag van God, sonder wie se toelating geen skepsel hom kan roer of beweeg nie (HK So 10, V/A 28). Die gevolge in Saul se lewe is tragies. Sy hele lewensuitkyk verander. Hy raak buierig, angstig, agterdogtig en mismoedig. Soms is hy heeltemal buite homself gewelddadig (1 Sam. 18:11). Uiteindelik neem hy sy eie lewe (1 Sam. 31:4).

Goeie musiek het 'n kalmerende uitwerking. "Die duiwel vlug vir 'n psalm!" het ook Luther gesê. So bring Dawid se snarespel tydelike verligting vir Saul. Belangriker egter is dat ons uit hierdie gedeelte sal leer dat die groot voorreg van God se teenwoordigheid in ons lewe baie kosbaar is. Dit is immers net deur Christus se verdienste aan die kruis dat die Gees van God in ons woon!

Wanneer ons met dankbare harte nougeset volgens God se woord lewe, luister ons na die Gees en is Hy vir ons die Trooster. Dan is Hy by ons tuis en is ons harte en lewe vol van God se warm liefde.

*Sing: Psalm 51-2:4*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*